Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

18 September 2020

Die Hoërskool Wonderboom

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. AANGEPASTE KURRIKULUM: PUNTE

Weens die aanpassings wat in elke vak rakende die kurrikulum-uiteensetting en die punte moes plaasvind, verander leerders se puntesamestelling op die D6-stelsel ook. U sal bewus raak daarvan, soos wat die gewig wat elke taak in 'n vak tel, aangepas word en dit dan anders reflekteer op D6. Selfs kwartaal 1-punte mag verander omdat take meer gewig dra as wat voorheen (voor Covid-19) die geval was.

Ouers sal ook sien dat alle leerders 'n "a" ontvang alle take wat weens die aangepaste kurrikulum weggeval het (bv. die Junie-eksamen). Dit moet so op die D6-stelsel aangedui word, aangesien daar bv. geen Junie-eksamen was nie. Indien die "a" nie ingelees word nie, verwerk die stelsel die leerders se punte verkeerd aangesien die totaal van bv. die Junie-eksamen dan verkeerdelik in ag geneem word.

2. NUWE VLEUELKLAVIER

Op 18 Oktober 2019 het Die Hoërskool Wonderboom 'n splinternuwe vleuelklavier vanaf Bennie Dekker Klaviersentrum aangekoop. Die *Ebony Pearl River GP 188A* se vervaardiging sou ongeveer vyf maande neem, maar is as gevolg van die Covid-19 uitgestel. Nietemin, het die nuwe vleuelklavier op Vrydag 11 September 2020, na 11 maande se onsekerheid en opgewondenheid, sy verskyning gemaak. Die Wonnies kan nie wag vir al die pragklanke wat uit die klavier se klawers te voorskyn gaan kom nie.

3. MATRIEKRAAD 2021

Dit is met groot opgewondenheid dat ons die Matriekraad vir 2021 bekendmaak. Baie geluk aan die volgende leerders:

Hoofdogter: Leané Steenkamp

Hoofseun: Tiaan Hattingh

Onderhoofdogters:

Kyle van der Merwe

Karin van Staden

Onderhoofseuns:

Owen Klee

Marlon Rossouw

Huisleiers:

Vikings: Elzanne Coetzee

Spartane: John Barlow

Knights: Jana van der Merwe

Samurai: Basi Mabusela

Dogters:

1. Tristin Badenhorst
2. Lyn-Lee Breytenbach
3. Charlene Fourie
4. Nikkie Knoetze
5. Megan Moolman
6. Clarinda Nell
7. Cezanne Pretorius
8. Clarissa Ritchie
9. Michelle Robberts

Seuns:

1. Corne Bornmann
2. Marnus Deysel
3. Elmore de Reuck
4. Armandt Erasmus
5. Henry Jacobs
6. Nico Lottering
7. Edward McCabe
8. Jonathan Taylor
9. Dian Velthuisen

Sterkte vir die jaar se harde werk wat voorlê.

4. ADVERTENSIE-SPASIE IN DIE NUUSBRIEF

Advertensie-spasie is beskikbaar op die nuusbrief. Kontak gerus die finansiële kantoor indien u van die geleentheid gebruik wil maak: finansies@wonnies.co.za

Wonnie-groete

M LEZAR
SKOOLHOOF

CTU
training solutions
Private
Tertiary
Education
Provider
Book your ticket now
at ctutraining.ac.za
OPEN DAY
9 OCTOBER 2020 | 14:00 - 18:00
10 OCTOBER 2020 | 08:00 - 16:00
ON APPOINTMENT ONLY
#FUTUREYOU
CTU FACULTIES
IT
DESIGN
BUSINESS
ENGINEERING
HUMANITIES
NEW! N4 - N6
Register early for
2021 and receive a
tuition fee discount!
APPLY & REGISTER ONLINE
CREATE YOUR CTU PROFILE
EVENT BOOKINGS & INFO
STUDENT LOAN ASSISTANCE
DOWNLOAD OUR
PROSPECTUS
ATTEND ONLINE OR AT PRETORIA CAMPUS
012 361 6688 | Glen Manor Office Park, Block 6, Frikkie de Beer Street, Menlyn. | Tertius: 081 503 0156